



TELEMATIESE ONDERRIG 2019

BESIGHEIDSTUDIES

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES: TELEMATIESE SKEDULE

SESSIE	DATUM	TYD	ONDERWERP
1	26 Feb 2019	15:00 – 16:00	Ontwikkeling van Strategieë
2	16 April 2019	15:00 – 16:00	Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid
3	23 Julie 2019	16:00 – 17:00	Beleggings: Sekuriteite
4	06 Aug 2019	16:00 – 17:00	Eksamen Voorbereiding: Proef Eksamen

BESIGHEIDSTUDIES – GRAAD 12: HOOF ONDERWERPE EN ONDERWERPE				
	Besigheids-omgewing	Besigheids-geleenthede	Besigheidsrolle	Besigheids-bedrywighede
1	Impak van Onlangse Wetgewing	Bestuur & Leierskap	Etiëk & Professionalisme	Menslikehulpbron-funksie
2	Besigheidstrategieë	Beleggings: Sekuriteite	Kreatiewe Denke	Gehalte van Prestasie
3	Besigheidsektore en hul omgewings	Belegging: Versekering & Assuransie	KMV / KMI	
4		Ondernemings vorme	Mensregte, Inklusiwiteit & Omgewingskwessies	
5		Aanbieding Van Inligting	Spanprestasie, & Konflikbestuur	

SESSIE 1

ONTWIKKELING VAN STRATEGIEË

WAT DIE LEERDER MOET KEN
<ul style="list-style-type: none"> • Definieer 'n strategie • Omskryf / Beskryf / Verduidelik / Bespreek die strategiese bestuursproses. • Pas die strategiese bestuursproses toe om besigheidsverwante probleme op te los. • Identifiseer besigheidsuitdagings uit gegewe gevallestudies. • Identifiseer en beskryf / verduidelik / bespreek die verskillende tipe besigheidstrategieë. • Stel / Ontwikkel / Ontleed / Formuleer strategieë om uitdagings van gegewe scenario's te oorkom en aanbevelings vir verbetering te maak. • Verduidelik hoe / wanneer besighede elke tipe besigheidstrategie kan toepas. • Evalueer die effektiwiteit (positiewe) van elke tipe besigheidstrategie. • Gevallestudies te analiseer en die volgende industriële analise instrumente toe te pas om die uitdagings van die besigheidsomgewing te analiseer: SWOT-analise, Porter se Vyf Kragte en

PESTLE analise

- Besigheidstrategieë aanbeveel om uitdagings aan te spreek wat geïdentifiseer is uit gegewe gevallestudies / scenario's.
- Omskryf / Verduidelik / Beveel aktiwiteite / stappe aan in strategie evaluering.

1. Kognitiewe vlak vrae:

Laer orde	Middel orde	Hoër orde
Definieer, Omskryf, Beskryf, Verduidelik, Bespreek, Identifiseer	Verduidelik, Pas toe, Identifiseer, Ontleed	Bespreek, Stel voor, Ontwikkel, Formuleer, Evalueer, Beveel aan,


2. Inhoud Kaart

GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Komponente, kenmerke en interverwantskap tussen mikro; mark en makro omgewings	Invloede, Kontrole faktore, Uitdagings en aanpassing van die mikro- (interne), mark- en makro-omgewings	Ontwerp, evalueer en beveel strategieë aan as gevolg van uitdagings van die makro-omgewing.

3. Konsepte

TERM	DEFINISIE
Formulering van strategieë	Om 'n strategie te ontwikkel.
Implementering van strategieë	Dit vind plaas na die formulering van die strategie en sluit alle aktiwiteite in wat nodig is om die strategie in werking te stel.
Evaluering van strategieë	Dit vind plaas na die implementering van die strategie en bepaal of die geïmplementeerde strategie die uitdaging opgelos het.
Industriële analise instrumente	SWOT, Porter Vyf Kragte en PESTLE analitiese model word gebruik om die uitdagings in die besigheds omgewing te analiseer.
Verskaffers	Sluit in fabrieke/voorsieners van goedere/dienste wat besighede van koop ten einde hul besigheid te bedryf.
Kopers	Die finale gebruikers van die finale produk/diens.
Mededingers	Verkoop dieselfde /soorgelyke produkte/dienste as die besigheid
Substituut produkte of dienste	Die verskille produkte/dienste wat dieselfde behoefte van die verbruiker voorsien of wat verbruikers kan gebruik in die plek van die ander.
Nuwe toetreders	Die ander besighede wat dieselfde/verwante produkte in die bestaande mark verkoop vir die eerste keer.

4. Ontwikkeling van Strategieë



Die Strategieë bestuursproses

Strategieë Bestuursproses

<http://wcedportal.co.za/eresource/67751>



Langtermyn strategieë

<http://wcedportal.co.za/eresource/67936>

Tipe Besigheidstrategieë

D

Diversifikasie

I

Integrasie

D

Defensiewe

I

Intensiewe

Besigheidstrategieë	Omskrywing
Diversifikasie	'n Besigheid voeg verwante produkte by sy huidige produkte reeks
Integrasie	Dit behels die oornome of samesmelting met ander besighede om groei potensiaal te verhoog.

Defensiewe	Bestuursinstrumente wat gebruik kan word om 'n aanval deur 'n potensiële mededinger af te weer.
Intensiewe	Dit behels toename in verkope en markaandeel deur gebruik te maak van bestaande produkte en hulpbronne deur buitengewone pogings.

Besigheidstrategieë: Voorbeelde

TIPES	DIVERSIFIKASIE	
Konsentriese	Byvoorbeeld: 'n Besigheid wat gebraaide hoender verkoop, kan gebraaide skyfies by die hoender voeg en 'n nuwe produk gebraaide hoender & skyfies verkoop	
Horisontale	Byvoorbeeld: 'n motorhandelaar wat motors verkoop en finansiering van die motor of versekering van die motor aan die kliënt bied	
Konglomeraat	Byvoorbeeld: General Electric, wat bekend is vir sy elektriese toestelle, is ook betrokke by olieboor- en rekenaarvervaardiging	
TIPES	INTEGRASIE	
Vertikale	Voorwaarts	Voorbeeld: Boer wat beheer oor neem van Fruit & Veg
	Agterwaarts	Voorbeeld: Fruit & Veg neem beheer oor van 'n plaas
Horisontale	Voorbeeld: Makro neem oor sy mededinger Game	
TIPES	DEFENSIEWE	
Ontbondeling	Byvoorbeeld: Klerewinkel verkoop die kinders se speelgoedafdeling wat teen 'n verlies bedryf word	
Aflegging	Byvoorbeeld: Telkom verminder sy werksmag met 3000 werknemers, vir operasionele redes	
Likwisadie	Byvoorbeeld: VBS Bank nadat die bank deur korrupte werknemers en direkteure bestee is	
TIPES	INTENSIEWE	
Mark Penetrasie	Byvoorbeeld: Verminder pryse van produkte om hoër verkoopsvlakke te verseker Byvoorbeeld: Doen 'n aggressiewe bemarkingsveldtog gemik op bestaande kliënte	
Mark Ontwikkeling	Voorbeeld: Produkte word uitgevoer na Europa; MTN verskaf selfoondienste in Nigerië	
Produk Ontwikkeling	Byvoorbeeld: Verandering van verpakking van 'n produk om 'n meer huidige kopers aan te lok. Byvoorbeeld: Verpakking kookolie in kleinhandelsbakkies vir huishoudelike verbruik	

AKTIWITEIT 1

Identifiseer 'n besigheidstrategie wat deur ELKE stelling hieronder voorgestel word.

1. Die eienaar van Wavecrest Express besluit om ook vars gebakte brood in haar winkel te verkoop.

2. Y2K Visserye het nuwe takke in die Wes-Kaap geopen om marktaandeel te verhoog.
3. Mosselbos-druifplaas het Juicy Stores gekoop.
4. Fedgars Clothing het die pryse van al hul wintervoorrade verminder om verkope aan te moedig.
5. Parkland Bricks het al sy bates verkoop om krediteure te betaal en die besigheid te sluit. (10)

5. Industriële analise instrumente




SSGB / SWOT ANALISE

Sterkpunte	Dit is positief en binne die beheer van die onderneming	Interne [binne die besigheid]
Swakpunte	Dit is negatief, maar binne die beheer van die besigheid.	
Geleenthede	Dit is positief en buite die beheer van die onderneming	Eksterne [Buite die besigheid]
Bedreigings	Dit is negatief en buite die beheer van die besigheid	

Industriële instrument: SWOT Analise

<http://wcedportal.co.za/eresource/67951>

PORTERS VYF KRAGTE




PESTWO / PESTLE ANALISE

PESTWO ELEMENT	UITDAGINGS
Polities	Handelsooreenkomste wat invoer beperk.
Ekonomies	Hoë inflasie / rentekoerse.
Sosiale	Lae inkomste van kliënte.
Tegnologiese	Probleme om tred te hou met die nuutste tegnologie.
Wetgewing	Betaling van boetes vir nie-nakoming van wetgewing.
Omgewings	Produkte wat skadelik is vir die omgewing en mense in gemeenskappe.



6. STAPPE IN STRATEGIE EVALUERING



SESSIE 2

KORPORATIEWE MAATSKAPLIK VERANTWOORDELIKHEID [KMV]

WAT DIE LEERDER MOET KEN

- Definieer / beskryf van sosiale verantwoordelikheid.
- Verduidelik / beskryf die verhouding / verband tussen sosiale verantwoordelikheid en driedubbele verslagdoening [Triple Bottom Line]
- Definieer / beskryf die aard van KMV & KMI
- Verduidelik / Bespreek / Ontleed die impak van KMV & KMI op besighede en gemeenskappe.
- Noem die komponente van KMV, bv. omgewing, etiese korporatiewe maatskaplike belegging, gesondheid en veiligheid, ens.
- Lys praktiese voorbeelde van projekte.
- Noem die KMI-fokusareas, bv. gemeenskap, landelike ontwikkeling, werknemers, omgewing
- Aanbeveel / Stel maniere voor om sosio-ekonomiese kwessies aan te spreek wat sosiale verantwoordelikheid uitoefen, bv. MIV / vigs, werkloosheid, armoede, menseregte-aspekte.
- Verduidelik / bespreek die implikasie van die volgende wetlike vereistes vir KMV & KMI programme:
 - o Wet op Gelyke Indiensneming
 - o Wet op Vaardigheidsontwikkeling
 - o BBSEB
 - o Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie [SOOO / SETAs]

1. Kognitiewe vlakke van Vrae:

Laer orde	Middel orde	Hoër orde
Definieer, Lys, Beskryf, Verduidelik, Bespreek, Identifiseer; Noem	Verduidelik, Ontleed	Bespreek, Beveel aan,


2. Inhoud Kaart

GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Dra by tot die onmiddellike gemeenskapsverantwoordelikheid en korporatiewe sosiale verantwoordelikheid	Die burgerskap rolle en verantwoordelikhede	Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid & korporatiewe maatskaplike investering

3. Konsepte


Termyn	Definisie
Sosiale verantwoordelikheid	'n Etiese siening wat sê dat elke individu / organisasie verplig is om die samelewing as geheel te bevoordeel.
Korporatiewe	Verwys na besighede / firmas / organisasies.
Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMMV)	Die voortgesette verbintenis deur die besigheid om eties op te tree en by te dra tot ekonomiese ontwikkeling, terwyl die lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskap en die samelewing as geheel verbeter word.
Korporatiewe maatskaplike belegging/Investring (KMI/ B)	Die belegging van korporatiewe fondse / ander bates vir die primêre doel om sosiale uitkomst te bereik.
Kontemporêre Sosio-ekonomiese kwessies	Huidige samelewings- en ekonomiese faktore wat 'n impak op die besigheid het.
Triple bottom line/ Drievoudige sleutelaspekte	Verwys na die 3Ps wat besighede altyd in hul bedrywighede moet oorweeg, naamlik; WINS, MENSE EN PLANEET. (Profyt, Persone, Planeet)
Volhoubaarheid	Gebruik die hulpbronne sodanig dat toekomstige geslagte dit kan gebruik.
Welstand	Gee om vir die behoeftes van werknemers en die gemeenskappe.
Demografie	Statistiese data van die bevolking in terme van ras, ouderdom en inkomste.
Personeelomskakeling	Koers waarteen die werkgewer hul werknemers vervang.

4. Verband tussen Sosiale Verantwoordelikheid en Drie-Dubbele Verslagdoening




Sosiale Verantwoordelikheid	Wins	<ul style="list-style-type: none"> • Belê winste in KMMV-projekte • Besighede moet nie wins maak ten koste van hul gemeenskap en werknemers nie
	Mense	<ul style="list-style-type: none"> • Besigheid moet nie werknemers en kliënte uitbuit nie • Besigheid moet streef om die lewensgehalte van werknemers te verbeter • Voorbeeld: Subsidieer voedsel in die werksplek
	Planeet	<ul style="list-style-type: none"> • Besigheid moet nie die hulpbronne op gebruik nie • Verminder skadelike produksie tegnieke • Ondersteun energie-effektiewe produksie tegnieke


Aard van KMV en KMI



5. Impak van KMV en KMI op besighede




6. Impak van KMV en KMI op gemeenskappe



7. Komponente van KMV, Fokus areas van KMI en Praktiese voorbeelde van KMI Projekte

Komponente van KMV	Fokus areas van KMI	Praktiese voorbeelde van projekte van KMI
<ul style="list-style-type: none"> • Omgewing / Omgewings bewustheid • Etiese korporatiewe maatskaplike belegging • Gesondheid en veiligheid • Korporatiewe bestuur • Sake-etiek • Diensbillikheid • Voorsienings ketting / Verskaffers • Kliënte 	<ul style="list-style-type: none"> • Gemeenskap • Landelike ontwikkeling • Werknemers • Omgewing 	<ul style="list-style-type: none"> • MIV / VIGS-programme • Voedingskemas vir minder bevoorregte skole • Borgskappe van aktiwiteite • Befondsing van KMI-programme soos herstelwerk aan geboue / sport en uniforms • Befondsing vir addisionele lesse, in byvoorbeeld Wiskunde en Wetenskap

8. Betekenisvolle bydrae van tyd en moeite om die welstand van ander in 'n besigheidskonteks te bevorder



AKTIWITEIT 2

2.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

JOKO CHEMICAL SOLUTIONS (JCS)

Joko Chemical Solutions vervaardig chemiese stowwe vir die mynbedryf. Die besigheid het 'n veilige waterbergings plek gebou waar hulle hul giftige water skoonmaak. JCS betaal vir gie gimnasium-intekening vir hul werknemers. Die plaaslike skole mag die laboratorium as werkplek gebruik vir hul praktiese lesse.

2.1.1 Identifiseer die komponent van die Driedubbele verslagdoening [Tripple Bottom Line] uit die bostaande scenario. (6)

2.1.2 Verduidelik hoe JCS die drie-voudige sleutelaspeke gekoppel het met die sosiale verantwoordelikheid deur aan te haal uit die scenario. (3)

Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn om jou antwoord aan te bied.

DRIEVOUDIGE SLEUTELASPEK KOMPONENT 2.1.1	SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID 2.1.2

2.2 Stel maniere voor hoe ondernemings die volgende sosio-ekonomiese kwessies kan aanspreek:

2.2.1 MIV / Vigs (4)

2.2.2 Werkloosheid (4)

SESSIE 3

BELEGGINGS: SEKURITEITE

WAT DIE LEERDER MOET KEN

- Omskryf / Beskryf / Verduidelik / Bespreek die funksies van die JSE.
- Verduidelik 'n verskeidenheid beskikbare besigheids beleggingsgeleenthede:
- Ontleed die risikofaktor van elke tipe beleggingsgeleentheid.
- Noem / Beskryf / Verduidelik / Bespreek die verskillende tipes aandele.
- Verduidelik die verskil / Onderskei tussen gewone en voorkeuraandele.
- Omskryf / Beskryf / Verduidelik die regte van voorkeuraandelehouers
- Verduidelik / beskryf die tipes voorkeuraandele.
- Beskryf en evalueer (positiewe / negatiewe) van die volgende vorme van belegging:
 - o Regering / RSA kleinhandelseffekte
 - o Effektetrusts
 - o Aandele
 - o Vaste deposito
- Definieer / Verduidelik die betekenis van skuldbriewe, dividende, kapitaalwinst, enkelvoudige rente, saamgestelde rente.
- Omskryf / Verduidelik / Bespreek die faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.
- Verduidelik die verskil tussen / onderskei tussen saamgestelde rente en enkelvoudige rente.
- Bereken saamgestelde en enkelvoudige rente uit gegewe scenario's.
- Beveel aan tipe / vorme van belegging gebaseer op die berekenings – Maak gevolgtrekking watter opsie beter sal wees.

1. Kognitiewe vlak vrae:

Laer orde	Middel orde	Hoër orde
Omskryf, Beskryf, Noem, Verduidelik, Bespreek,	Verduidelik, Ontleed, Bereken	Bespreek, Evalueer, Beveel aan,

2. Inhoud Kaart

GRADE 10	GRADE 11	GRADE 12
Besigheid geleenthede	Besigheidsplan en begin 'n besigheids onderneming gebaseer op 'n aksieplan	Besigheid beleggingsgeleenthede en risiko verbonde aan beleggings


3. Konsepte

TERM	DEFINISIE
Belegging	Die gebruik van geld ten ende meer geld te verdien
JSE / Johannesburg Sekuriteitsbeurs	Dit is 'n formele mark waar aandele verhandel word en bestaan uit al die publieke maatskappye wat genoteer is
Aandele	'n Aandeel is 'n mede-eienaarskap van 'n maatskappy.
Kapitaalmark / effektemark	Is die mark vir sekuriteite waar maatskappye en die regering langtermynfondse kan insamel
Korttermyn belegging	'n Belegging vir 'n tydperk van korter as een jaar.
Langtermyn belegging	'n Belegging vir 'n tydperk langer as 'n jaar.
Vaste koers	Die koers bly dieselfde vir die tydperk van die belegging
Opgehoopte	Rente wat bereken word oor die tydperk van die belegging
Eenvoudige rente	Die rente word bereken op die oorspronklike / hoofsom wat belê is.
Saamgestelde rente	Die rente word bereken vir elke tydperk op die oorspronklike / hoofsom insluitende alle rente wat gedurende die afgelope tydperke opgehoop is.
Risiko	Verwys na die kans dat die beleggingsbedrag oor 'n tydperk in waarde kan dal weens onvoorsiene omstandighede

4. Funksies van JSE/JEB



5. Beleggings geleenthede




Beleggings geleentehede	Beskrywing
Regering/RSA kleinhandel spaar effekte	<ul style="list-style-type: none"> Die SA regering bied SA burgers die geleentheid om te belê in spaar instrumente om besparings aan te moedig.
Effektetrusts	<ul style="list-style-type: none"> 'n Versameling beleggingsopsies / metodes wat bestaan uit aandele in verskillende maatskappye. Die beleggings van 'n aantal beleggers word saam in 'n effektetrustfonds saamgevoeg en word bestuur deur 'n portefeuljebestuurder / deskundige.
Aandele	<ul style="list-style-type: none"> Maatskappye verkoop gedeeltes van sy eienaarskap aan aandeelhouders in die vorm van aandele op die ope mark om kapitaal/fondse te bekom Aandele van genoteerde maatskappye word op die JSE verhandel
Vaste deposito	<ul style="list-style-type: none"> 'n Konserwatiewe metode van belegging teen 'n vaste koers vir 'n vaste tydperk by 'n finansiële instelling.
Bestuur portefeulje	<ul style="list-style-type: none"> 'n Belegger gee opdrag aan 'n finansiële instelling / finansiële adviseur om sy verskillende beleggings / bates in een portefeulje te bestuur
Skuldbriewe	<ul style="list-style-type: none"> Dit word uitgereik om geleende kapitaal van die publiek in te samel. Die lener / skuldbriefhouer stem in om onder sekere omstandighede vir 'n sekere tydperk geld aan die maatskappy te leen.
Vaste eiendom	<ul style="list-style-type: none"> Koop 'n huis / stuk grond is gewoonlik net geskik as 'n langtermyn belegging. Opbrengs op eiendom word verdien in die vorm van huur / verkope / kapitaalwins teen 'n hoër prys as waarvoor dit gekoop is
Onderlinge Fondse /Stokvel	<ul style="list-style-type: none"> 'n Informele spaarskema waaraan 'n relatief klein groepie mense bydra. 'n Stokvel word gewoonlik bestuur deur 'n betroubare voorsitter / tesourier, wat verantwoordelik sal wees vir die rekordhouding en bestuur van die bankrekening.
Waagkapitaal	<ul style="list-style-type: none"> Ondernemingsbeleggingskapitaal word gegee deur 'n belegger / besighede om 'n besigheid te begin / uitbrei in ruil vir 'n aandeel in die nuwe / uitgebreide onderneming.
Uitkeer / Uittree-Annuïteite	<ul style="list-style-type: none"> 'n Maandelikse betaling aan 'n versekeringsmaatskappy met die verwagting om 'n voorafbepaalde bedrag op 'n datum in die toekoms

	te ontvang.
32-dae Kennisgewing rekeninge	<ul style="list-style-type: none"> Geld word teen 'n vaste koers belê, hoewel onttrekkings gemaak kan word mits die bank 32 dae kennis gegee word van die onttrekking.

6. Risiko analise van Besigheids geleenthede

Beleggings-Geleenthede	Risiko
Regering/RSA kleinhandel spaar effekte	<ul style="list-style-type: none"> Risiko is baie laag, aangesien 'n belegging in die regering gemaak word Dit is 'n veilige belegging, aangesien dit nie op die oop mark verkoop kan word
Effektetrusts	<ul style="list-style-type: none"> Beleggings kan in hoë- en laerisiko-aandele gemaak word, wat die risiko deur die fonds versprei en die risiko vir alle beleggers verlaag.
Aandele	<ul style="list-style-type: none"> Aandele het 'n lae / medium risiko oor 'n langtermyn / beleggingsperiode. <ul style="list-style-type: none"> <i>Gewone aandele het die hoogste risiko aangesien die belegger die volle of 'n deel van die belegging kan verloor</i> Voorkeuraandeelhouders se risiko is laer, aangesien hulle voorkeur het op die bates van die likwidasiemaatskappy het
Vaste deposito	<ul style="list-style-type: none"> Baie laag aangesien die belegger sal ontvang wat beloof is. Die rentekoers is gewoonlik vas, die opbrengs sal nie deur markskommelings geraak word nie.
Bestuur Porterfeulje	<ul style="list-style-type: none"> Risiko is laer oor 'n langer termyn. Beleggings word in verskeie sektore / maatskappye gemaak, daarom word die risiko versprei
Skuldbriewe	<ul style="list-style-type: none"> Skuldbriewe het 'n lae risiko aangesien hulle terugbetaal moet word.
Vaste eiendom	<ul style="list-style-type: none"> Lae risiko oor 'n lang termyn. Risiko word bepaal deur ekonomiese toestande en kan die waarde van eiendom beïnvloed.
Mutual funds/stokvel	<ul style="list-style-type: none"> Geld in 'n spaarrekening is 'n veilige belegging, maar met lae rentekoerse.
Waagkapitaal	<ul style="list-style-type: none"> Hoë risiko vir die belegger (s) indien die geskiedenis van die maatskappy nie goed nagevors is nie.
Uittree-Annuïteite	<ul style="list-style-type: none"> Lae risiko, aangesien die versekerde bedrag uit betaal sal word ongeag die omstandighede
32-dae kennisgewing rekeninge /	<ul style="list-style-type: none"> Lae risiko, aangesien beleggings plus rente op die vervaldatum van die belegging uitbetaal sal word. Rente word bereken op die daaglikse balans, wat die waarde / opbrengs op die belegging versnel / die risiko verlaag.


7. Tipe Aandele




Verskille tussen gewone- en voorkeuraandele

Gewone aandele	Voorkeuraandele
<ul style="list-style-type: none"> Gewone aandele ontvang slegs dividende wanneer wins gemaak word. 	<ul style="list-style-type: none"> Sommige van hierdie tipe aandele ontvang dividende ongeag wins gemaak is.
<ul style="list-style-type: none"> Gewoonlik hoe hoër die wins, hoe hoër die dividende 	<ul style="list-style-type: none"> 'n Vaste opbrengskoers word op hierdie tipe aandele betaal.
<ul style="list-style-type: none"> Aandelehouers is die laaste wat betaal moet word indien die maatskappy bankrot verklaar word. 	<ul style="list-style-type: none"> Aandelehouers het 'n voorkeur-eis op maatskappybates in die geval van bankrotskap.


8. Regte van Voorkeuraandele



9. Beleggings konsepte



10. Faktore om te oorweeg wanneer Beleggings besluite geneem word



11. Verskille / Onderskeid tussen enkelvoudige rente en saamgestelde rente:

Enkelvoudige	Saamgestelde
<ul style="list-style-type: none"> Berekening op die oorspronklike / hoofsom wat belê is. 	<ul style="list-style-type: none"> Bereken elke tydperk op die oorspronklike / hoofsom insluitend alle rente wat gedurende die afgelope tyd opgehoop is.
<ul style="list-style-type: none"> Opgeloope rente vanaf vorige tydperke word nie in berekeninge vir die volgende tydperk gebruik nie. 	<ul style="list-style-type: none"> Opgeloope rente vanaf vorige tydperke word in berekeninge geneem vir die volgende tydperk
<ul style="list-style-type: none"> Rente gehê bly vir die volle tydperk van belegging vas. 	<ul style="list-style-type: none"> Gebaseer op die konsep om opgehoopte rente by die oorspronklike / hoofsom te voeg en rente word op rente te verdien.

Berekening van enkelvoudige en saamgestelde rente



<http://wcedportal.co.za/eresource/64151>

12. Berekening van Enkelvoudige en Saamgestelde Rente:

ENKELVOUDIGE RENTE	SAAMGESTELDE RENTE
Berekening op die oorspronklike / hoofsom wat belê is	Saamgestelde rente word elke tydperk op die oorspronklike / hoofsom bereken, insluitend / plus alle rente wat gedurende die afgelope tyd opgehoopte is.
FORMULE: Rente = $P \times r \times t$ Waar: P = Hoofsom / oorspronklike belegging r = Persentasie rentekoers t = Tyd periode (jare / maande)	FORMULE: Rente = $P (1+i)^n - P$ Waar: P = Hoofsom / oorspronklike belegging i = Persentasie rentekoers n = Getal jare / Getal rente periodes

AKTIWITEIT 3

3.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

BELEGGINGS OPSIES:

Caleb en Riley het R100 000 by Wavecrest Bank op 'n vaste deposito belê, teen 8,5% vir twee jaar. Caleb belê teen enkelvoudige rente en Riley teen saamgestelde rente.

- 3.1.1 Bereken die rente wat Caleb na 2 jaar sal ontvang.
- 3.1.2 Bereken die rente wat Riley na 2 jaar sal ontvang.
- 3.1.3 Identifiseer die beter beleggingsopsie en motiveer die antwoord.
- 3.1.4 Bereken die rente wat Riley sal ontvang indien rente halfjaarliks saamgestel word

SESSIE 4

EKSAMEN VOORBEREIDING

WAT DIE LEERDER MOET KEN

- Struktuur van vraestel
- Algemene wenke vir die skryf van Besigheidstudies
- Struktuur van vraestel
- Beantwoord Afdeling, A-tipe Vrae
- Beantwoord Afdeling, B-tipe vrae
- Beantwoord Afdeling, C-tipe Vrae

1. STRUKTUUR VAN DIE VRAESTEL

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	40	30 minute
B: Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae. KEUSE-VRAE	2	60	30 minute
	3	60	30 minute
	4	60	30 minute
	5	60	30 minute
	6	60	30 minute
C: Opsteltipe-vrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae. KEUSE-VRAE	7	40	30 minute
	8	40	30 minute
	9	40	30 minute
	10	40	30 minute
TOTAAL		300	180 minute

2. ALGEMENE WENKE VIR DIE SKRYF VAN BESIGHEIDSTUDIES

- Die Besigheidstudieskurrikulum bestaan uit vier hoofonderwerpe, nl. Besigheids- omgewings, Besigheidsgeleenthede, Besigheidsrolle en Besigheidsbedrywighede. Elke hoofonderwerp bestaan uit verskillende subonderwerpe.
- Maak seker dat jy al die subonderwerpe in 'n hoofonderwerp bymekaar hou en die subonderwerpe as 'n eenheid bestudeer. Maak seker om al die subonderwerpe in 'n hoofonderwerp te bestudeer.
- Gebruik jou handboek en/of die Gr 12 Besigheidstudies Kernnotas en lees die inhoud deeglik en met insig deur. Maak 'n lys van al die vakterminologie wat in elke onderwerp gebruik word en skryf die betekenis daarvan neer. Maak seker dat jy die betekenis van elke konsep of terminologie deeglik ken.
- Gebruik vorige eksamenvraestelle vanaf 2014 tot 2018 en werk deur die vrae in Afdeling A, B en C. Oefen gereeld die verskillende tipe vrae in elke afdeling in die vraestel

3. KOGNITIEWE WERKWOORDE

Opdragwerkwoord	Verduideliking
Haal aan	Haal woorde uit die scenario aan (1 punt per aanhaling) <i>Byvoorbeeld: Haal DRIE uitdagings vir YSKOM uit die scenario aan.</i>
Stel voor	Skryf 'n volledige sin oor wat jy sal voorstel (2 punte elk). <i>Byvoorbeeld: Stel DRIE praktiese maniere voor waar besighede aan die Nasionale Kredietwet (NKW), kan voldoen.</i>
Beveel aan	Noem ✓en verduidelik aanbevelings (positiewe oplossings) in volsinne (2 punte per feit). Slegs die eerste 3 word nagesien waar die aantal feite in die vraag aangedui is.. <i>Byvoorbeeld: Beveel DRIE maniere aan waarop NMT ELKE uitdaging kan oplos.</i>

Bespreek DRIE	Noem✓ en verduidelik die feit✓ (2 punte per bespreekte feit). Slegs die eerste 3 word nagesien as die aantal feite in die vraag aangedui is. <i>Byvoorbeeld: Bespreek DRIE soorte defensiewe strategieë.</i>
Ontleed (Krities ontleed)	Noem die feit✓ en gee 'n opinie oor die feit✓ (2 punte per ontleeding) [Krities ontleed: voeg 'n voorbeeld of gedetailleerde voorbeeld by] (3 punte elk vir 'n kritiese ontleeding). <i>Byvoorbeeld: Ontleed die effektiwiteit van die WVO om die sukses-vole implementering van BBSEB te ondersteun.</i>
Noem/Maak 'n lys	Noem slegs die feite of lys dit kortliks onder mekaar (1 punt elk). <i>Byvoorbeeld: Lys DRIE soorte besigheidsektore.. Byvoorbeeld: Noem VYF faktore wat in ag geneem kan word wanneer beleggingsbesluite geneem word.</i>
Verduidelik	Gee 'n duidelike, breedvoerige beskrywing van die konsep in volsinne. <i>Byvoorbeeld: Verduidelik die rol van persoonlike gesindheid in suksesvolle leierskap.</i>
Beskryf	Gee 'n volledige uiteensetting van die betekenis van die vereiste feite in volsinne (2 punte elk). <i>Byvoorbeeld: Beskryf die kriteria vir die beoordeling van suksesvolle spanprestasie.</i>
Onderskei	Die verskille moet duidelik uitgewys word, direk langs mekaar of ondermekaar. Die verskille moet mekaar verband hou. Indien nie, sal punte verloor word. <i>Byvoorbeeld: Onderskei tussen KMV en KMI/KMB.</i>
Gee raad	Verskaf positiewe advies in volsinne (2 punte elk) <i>Byvoorbeeld: Gee Thabo raad oor aspekte om in ag te neem wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word.</i>
Evalueer die impak	Gee die VOORDELE en NADELE in volsinne (2 punte) <i>Byvoorbeeld: Analiseer die impak van voordele op besighede.</i>
Identifiseer	Gee die woord(e) of term (2 punte elk). Jy moet jou kennis van die konsep toepas op die scenario/stelling om die antwoord uit te ken. <i>Byvoorbeeld: Identifiseer die leierskapstyl wat NMT in die scenario toegepas het.</i>
Motiveer	Verskaf redes waarom jy 'n sekere standpunt inneem. <i>Byvoorbeeld: Motiveer waarom 'n maatskappy in staatsbesit (MSB) belangrik is.</i>

4. WENKE VIR DIE BEANTWOORDING VAN AFDELING A TIPE VRAE

- 30 minute om hierdie vraag te voltooi
- Gebruik slegs 30 minute.



MEERVOUDIGE KEUSEVRAE:

- Lees die stelling noukeurig deur en lees dan die opsies wat in A, B, C, of D gegee word.
- Elimineer die mees foutiewe antwoord eerste
- Soek dan die mees korrekte antwoord
- Skryf jou antwoord duidelik langs die nommer op jou antwoordskrif

VOLTOOIING VAN DIE STELLING DEUR DIE KORREKTE WOORD UIT DIE GEGEWENDE LYS TE KIES:

- Jy moet die korrekte term uit die lys kies
- Lees die vyf gegewe stellings deur.
- Pas die mees toepaslike term by elke stelling.
- Skryf die korrekte term langs die korrekte nommer neer.
- Werk deur vorige vraestelle om die tegniek baas te raak.

KIES 'N BESKRYWING UIT KOLOM B WAT BY 'N TERM IN KOLOM A PAS

- Lees die konsepte in Kolom A deur
- Lees die beskrywings in Kolom B. deur.
- Pas die mees toegewyde term by elke beskrywing
- Skryf die korrekte term langs die korrekte nommer.
- Oefen vrae uit beskikbare vorige vraestelle

5. WENKE VIR DIE BEANTWOORDING VAN AFDELING B TIPE VRAE

- 90 minutes om 3 vrae te beantwoord.
- Lees al die vrae sorgvuldig deur.
- Kies drie vrae wat jy bestudeer het.
- Merk die vraag duidelik bo-aan die bladsy.
- Werk die vrae sistematies deur - moenie enige antwoorde uitlaat nie.
- As jy nie 'n antwoord ken nie, laat genoeg spasie en beweeg na die volgende vraag.
- Hou jou nommering korrek.
- Onthou om terug te gaan na die vraag waar jy die antwoord weggelaat het.



6. WENKE VIR DIE BEANTWOORDING VAN AFDELING C TIPE VRAE

- Lees al die opstelvrae sorgvuldig deur.
- Kies die twee vrae wat jy die beste kan beantwoord.
- Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy.
- Begin elke opstel deur die woord Inleiding te skryf
- Volg hierdie opskrif met twee relevante sinne

STRUKTUUR VAN OPSTEL

- Die liggaam van die opstel moet in paragrawe verdeel word
- Die opskrif vir elke paragraaf word uit die vraag geneem.
- Maak seker dat al die kolpunte van die vraag deel vorm van die liggaam van jou opstel.
- Sluit jou opstel af deur die woord SLOT te skryf en eindig dit met een feit neer om jou opstel af te sluit.

Voorbeeld:

Melotronics Bpk is 'n groot onderneming wat 'n verskeidenheid elektronika aan ander besighede sowel as die publiek verkoop. Hulle probeer om die behoeftes van hulle kliente te bevredig deur alle aspekte van TGB te implementeer.

Opstel vraag begin altyd met 'n scanario

Beantwoord die vrae

Skryf 'n opstel om te :

- Verduidelik die voordele wat Melotronics Bpk sal geniet deur die implementering van 'n goeie gehalte bestuurstelsel.
- Bespreek die impak van die volgende elemente van Totale Gehalte Beheer op Melotronics Bpk as 'n groot besigheid:
 - Totale kliëntetevredenheid
 - Deurlopende vaardigheidsontwikkeling en opleiding
 - Deurlopende verbetering van prosesse en stelsels
- Adviseer die besigheid oor die impak van TGB as dit swak geïmplementeer word

Gebruik inligting in kolpunte as hofies en sub-

Opstel skryf tegnieke - Afdeling C Tipe vrae



<http://wcedportal.co.za/eresource/67606>

VRAAG 10

Skryf die woord "Inleiding"

TWEE feite met kolpunte

INLEIDING
<ul style="list-style-type: none">• Omskryf TGB• Verwys na die belangrikheid van TGB vir die onderneming
LIGGAAM
1. Voordele van 'n goeie bestuurstelsel
<ul style="list-style-type: none">••••
2. Impak van TGB Elemente
Totale kliente tevredenheid
Voordele
<ul style="list-style-type: none">••• Voorbeeld:
Nadele
<ul style="list-style-type: none">••
Deurlopende vaardigheidsontwikkeling en opleiding
Voordele
<ul style="list-style-type: none">••
Nadele
<ul style="list-style-type: none">••
Deurlopende verbetering van prosesse en stelsels
Voordele
<ul style="list-style-type: none">••• Voorbeeld:
Nadele
<ul style="list-style-type: none">•••
3. TGB as dit swak geïmplementeer word
<ul style="list-style-type: none">•••
Slot
<ul style="list-style-type: none">• Belangrik vir 'n besigheid om stelsel in plek te hê, ten einde kwaliteit sodanig te bestuur dat die doelwitte van die onderneming bereik word

Skryf die woord "Slot"

Een opsommende feite